WAT IS 'N KALIFAAT?

—deur Peter Hammond

Boko Haram het die noordoostelike deel van Nigerië as 'n Islamitiese kalifaat verklaar. ISIS het 'n kalifaat in Noord-Sirië uitgeroep. Wat is 'n kalifaat?

Diktatorskap

'n Kalief is 'die bevelhebber van die gelowiges'. 'n Kalifaat is 'n Islamitiese staat wat deur 'n kalief, 'n opperste godsdienstige en politieke leier, regeer word. Daar word geglo dat die kalief 'n opvolger van Mohammed is. Die kalifaat is 'n eenheidstaat waarvan alle getroue Moslems (die 'Ummah') deel uitmaak en wat deur 'n kalief onder Islamitiese (Sharia-)wet regeer word.

Verkies of aangestel

Die Soennie-tak van Islam bepaal dat die kalief deur Moslems, of deur hulle verteenwoordigers, verkies moet word. Die Sjiïtiese Moslems glo egter dat die kalief 'n imam moet wees, uitverkies deur Allah en nie verantwoordbaar aan enige kiesers nie.

Abu-Bakr

Die eerste kalief (opvolger van Mohammed) was Abu-Bakr (632 -634 n.C.). Abu-Bakr was ook Mohammed se skoonpa; hy het sy dogter, Aisha, aan Mohammed as sy derde vrou geskenk toe sy net ses jaar oud was.





Sluipmoorde

Nie een van die kaliefs het lank staande gebly nie. Die kalief, Omar (634-644 n.C.), is deur 'n sluipmoordenaar om die lewe gebring terwyl hy besig was om te bid. Die derde kalief, Oethman (644-656 n. C.), het beveel dat alle Koran-dokumente wêreldwyd versamel en vernietig moes word – om die eenheid van die teks te bewaar. Hy is vermoor. Die kalief, Ali, neef en aangenome seun van Mohammed, het met Mohammed se dogter, Fatima, getrou. Ook hy is vermoor.

Binne die konteks van Islam lyk demokrasie baie anders. Vryheid van spraak is met wortel en tak uitgeroei en Shariawet is die enigste wetgewing wat geduld word.

'n Spoor van skrikbewinde

Die kalifate is altyd deur geweld, opstande, burgeroorloë en monumentale omwentelings gekenmerk. Die Rashidoen-kalifaat is summier omvergegooi en deur die Oemaijaad-kalifaat (661-759 n.C.) vervang wat die hele Noord-Afrika, die Midde-Ooste, Persië en dele van Indië verower het. Die emiraat (756- 929 n.C.) en kalifaat (929-1031 n.C.) van Cordoba – die Iberiese Skiereiland waar Portugal en Spanje vandag geleë is, is verdring deur die Abbasid-kalifaat (750 n.C. -1258) wat dikwels as die 'goue era van Islam' beskou word. Die Abbasid-kalifaat het vanuit Bagdad regeer. Kaïro was vanaf 969 n.C. die hoofstad van die Fatimied-kalifaat (909 n.C. – 1171). Die Ottoman-kalifaat het in die tydperk 1453-1924 regeer met Konstantinopel (nou Istanboel) as hoofstad. Daar was talle ander pogings om 'n kalifaat te vestig, insluitend die Sokoto-kalifaat (1804-1903) wat deur die Fulani-djihaad in Nigerië gevestig is.

Die Mahdi

Volgens Islamitiese eskatologie, glo Moslems dat die Mahdi, 'n militêre verlosser, alle volke met geweld onder Shariawet sal onderwerp. As jy Charlton Heston se uitbeelding van generaal Charles Gordon in die epiese rolprent, 'Khartoum', gesien het, sal jy bewus wees van een van die aanspraakmakers op die titel Mahdi: Mohammed Ahmed Bin Abd Allah (1844-1885).

Die stryd om Khartoem

Mohammed Ahmed, bekend as die Mahdi, het uit die Soefi-sekte, wat in Soedan die meerderheid was, te voorskyn gekom en het 'n brutale veldtog gelei wat op 26 Januarie 1885 'n hoogtepunt bereik het met die bestorming van die hoofstad Khartoem.

Sy 60 000 derwisje (Mohammedaanse bedelmonnike) het oor die skanse geswerm en die verswakte linie uitgehongerde soldate oorweldig. Die Mahdiste het soldate sowel as burgerlikes voor die voet uitgemoor; hulle het die hele bevolking van Khartoem om die lewe gebring. Die feit dat die meeste inwoners van Khartoem Moslems was, het nie hulle lewens gespaar nie. Die Mahdi het hulle almal uitgemoor om sy kalifaat te vestig.

Rampspoed en nederlaag

Die Mahdi is ses maande ná die val van Khartoem oorlede en 'n reeks slegte oeste, epidemies en stamoorloë het Soedan in ellende gedompel. Tydens 'n poging om Egipte in 1891 binne te val, is die Mahdiste deeglik verslaan. Die kalifaat van die Mahdi is finaal in 1898 deur generaal Kitchener by die Slag van Omdoerman verslaan.

Umma in Soedan

Die agterkleinseun van Mohammed Ahmed, Sadiq al-Mahdi, het die Umma-party in 1966 geloods in 'n poging om 'n Mahdiste kalifaat in Soedan te hervestig. Dit is uiteindelik in 1989 deur 'n militêre staatsgreep omvergegooi.

Antichris

Die hervormer, dr. Martin Luther, het onderrig dat Islam die antichris is. Sy uiteensetting was gegrond op Daniël 9: "Teen die einde van hulle heerskappy, wanneer die sonde sy hoogtepunt bereik het, sal 'n hardvogtige en slinkse koning »

WAT IS 'N KALIFAAT?

op die toneel verskyn. Hy sal baie sterk word, maar nie deur eie krag nie. Hy sal ongelooflike verwoesting aanrig...Deur sy vindingrykheid sal hy slaag met sy sluwe optrede. In sy verwaandheid sal hy baie mense goedsmoeds om die lewe bring. Hy sal selfs die hoogste Regeerder uitdaag, maar sal vernietig word sonder die toedoen van 'n mens." Daniël 8:23-25. Martin Luther het opgemerk dat ons Here Jesus Christus gewaarsku het oor vals profete wat uit die woestyn sal kom (Mat 24:24-26) en dit sluit Mohammed sekerlik in.

> **"Mag die woestynbewoners voor hom kniel en sy vyande voor hom in die stof kruip...Mag al die konings voor hom buig en al die nasies hom dien." Psalm 72:9-11**

Apollion

Johannes Calvyn het verkondig dat Mohammed 'Apollion' is (dit is Grieks vir die Hebreeuse woord, 'Abaddon' wat 'verwoester' beteken) en dat die leër van sprinkane en skerpioene, wat in Openbaring 9:1-11 beskryf word, die Arabiese en Saraseense leërs is wat 'n heilige oorlog (djihad) in die naam van Mohammed gevoer het. Johannes Calvyn het volgehou dat Islam een van die twee horings van die antichris is.

Verlossing van die wrede Turkse onderdrukking

Die 1643-'Westminster Assembly's Larger Catechism' doen 'n beroep op Christene om "te bid dat die koninkryk van sonde en satan vernietig mag word, dat die Evangelie deur die hele wêreld bevorder sal word..." Die 'Directory for Public Worship of God' gee gemeentes opdrag om: "te bid vir die verspreiding van die Evangelie en die koninkryk van God aan alle nasies... die val van die antichris en vir die verlossing van die lydende kerke oorsee van die tirannie van die anti-Christelike faksie en van die wrede verdrukking en godslastering van die Turk."

Duiwelse drome

Johannes Calvyn het tydens sy preek oor 2 Timoteus 1:3 die volgende oor die Turke gesê: "Mohammed het hulle die beker van sy duiwelse drome gegee om van te drink en hulle het daarvan dronk geword. Dit is ongeveer 'n duisend jaar sedert daardie vervloekte helhonde van hulle dwaashede dronk geword het..."

Waarheidsoorwinnaars

Johannes Calvyn het verkondig dat die antichristelike magte van Islam deur die Woord van God verslaan sal word: "Christus sal die duisternis, waarin die antichris sal regeer, verstrooi deur die strale wat Hy voor Sy wederkoms sal uitstraal – net soos die son voordat dit vir ons sigbaar word, die duisternis van die nag met sy helder lig verdryf. Hierdie oorwinning van die Woord sal dus in die wêreld gesien word. Die 'asem van Sy lippe', soos in Jesaja 11:4, beteken eenvoudig Sy Woord...Suiwer leerstelling is...te alle tye bestem om oor al die planne van satan te seëvier..." ■

PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybelleraar en outeur. Vir meer inligting, skakel: 021 689 4480;* www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za

Nota van JUIG! Tydskrif

Wanneer ons sien wat in die wêreld om ons aangaan, is dit maklik om bang te word, maar die Bybel vermaan ons om nie in vrees te lewe nie, want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie (2 Tim 1:7). Ons magtigste wapen is gebed. Ons moedig jou aan om 'n gebedsgroep te begin en voorbidding te doen. Ons vertrou en weet dat God se soewereiniteit sal seëvier. —Red.

Understand Islam



290 Pages & 200 Pictures
R105
Excluding Postage

This book sets the record straight with chapters on "Muhammad, the Caliphas and Jihad", "The Oppression of Women", "The Sources of Islam" and "Slavery - the Rest of the Story". With over 200 pictures, maps and charts, this book is richly illustrated. It consists of 16 chapters and 13 very helpful appendixes including demographic maps of the spread of Islam, a Glossary of Islamic Terms, and a Muslim Evangelism Manual, which includes a comparison of the Bible with the Quran, Jesus and Muhammad; and questions you can use to challenge Muslim friends.



340 Pages & 200 Pictures
R105
Excluding Postage

The longest war of the 20th Century - in the largest country in Africa: Sudan. From 1955 the Muslim Arab North attacked the Christian Black South. The first editions of Faith Under Fire in Sudan lifted the virtual news blackout on this colossal conflict and exposed the scorched earth tactics, systematic terror bombing of civilian targets and the resurgence of the slave trade in Sudan. Now the author has greatly updated and expanded the book to include more recent first-hand accounts of the horrific atrocities and the inspiring stories of Christain faith. This book will introduce you to some of the unforgettable heroes of Sudan and their legacy.

EVANGELISE MUSLIMS

Slavery, Terrorism and Islam Audio MP3 Disc:
18 Messages by Dr. Peter Hammond



R98
Excluding Postage

1. Slavery – What You Have Never Been Told
2. Uprooting Terrorism
3. Resisting Sharia in Nigeria
4. Slavery and Jihad in Sudan
5. The Sources of Islam
6. Comparing Muhammad with Jesus
7. The Oppression of Women in Islam
8. The Challenge of Islam
9. Comparing the Bible With the Quran
10. Challenging Muslims
11. Guidelines for Muslim Evangelism
12. The Crusades and Jihad
13. The Reformers on Islam
14. The Great Siege of Malta
15. Reformation or Islamisation
16. The Islamisation of Europe and How to Stop it
17. The End of Islam
18. The Challenge of David Livingstone Today

The Muslim Evangelism Workshop Manual & Audio MP3 Disc:
20 Messages by Dr. Peter Hammond



Manual & Audio MP3
R98
Excluding Postage

1. Comparing the Quran with the Bible.
2. Understanding the Challenge of Islam
3. Uprooting Terrorism
4. Slavery and Jihad in Sudan.
5. Slavery - The Rest of the Story.
6. Guidelines for Evangelising Muslims.
7. Challenging Muslims.
8. The Gospel and Abraham.
9. The Challenge of Islam According to The Reformers.
10. Women in Islam.
11. The End of Islam.
12. Reformation or Islamisation.
13. Revival Amidst Persecution in Sudan.
14. Understanding the Crusades.
15. The Crusades & Jihad.
16. The Great Siege of Malta.
17. Dealing with Guilt Manipulation.
18. Faith Under Fire in Sudan.
19. What is Going on in the Middle East?
20. Muslim Evangelism.

Christian Liberty Books
Resources for Reformation and Revival
PO Box 358 Howard Place 7450 Pinelands Cape Town South Africa
Tel / Fax: 021 689 7478
admin@christianlibertybooks.co.za
www.christianlibertybooks.co.za